So onthou ek Henry Kissinger (This is how I remember Henry Kissinger)

***Rapport*, 10 Desember 2023**

Ek was van Februarie 1968 tot Maart 1973 aan die Suid-Afrikaanse Ambassade in Washington D.C. verbonde. In November 1968 wen Richard Nixon die presidentsverkiesing en in Januarie 1969 word hy ingehuldig. Hy het Henry Kissinger aangestel as sy spesiale assistent vir nasionale veiligheidsake, ook bekend as nasionale veiligheidsadviseur van die president. Dit was 'n slim skuif. Kissinger het nuwe idees en vars benaderings tot buitelandse sake gebring. Met sy benadering tot buitelandse aangeleenthede het die administrasie verbysterende uitdagings oorkom. Sy verwoede diplomatieke aktiwiteite was legendaries. Soveel so dat toe Hans-Dietrich Genscher, destydse Wes-Duitse Minister van Buitelandse Sake, taamlik onheilspellend deur 'n verslaggewer gevra is: as twee vliegtuie wat in teenoorgestelde rigtings mekaar in die middel van vlug oor die Atlantiese Oseaan verbysteek, in watter vliegtuig sou Kissinger wees. Sy antwoord was kortaf: waarskynlik in albei! Hy het die begrip “shuttle diplomacy” betekenis gegee.

Kissinger se impak was geweldig. Dekades later is sy nalatenskap steeds enorm. Hy was die uiteindelike kommentator, met sy geskrifte en deur sy persoon, oor globale gebeure. Sy toesprake, kommentare en deurdagte artikels was verpligte leeswerk. Oor Viëtnam het Kissinger skietstilstand-onderhandelinge gekies en terselfdertyd het die Verenigde State op sy aandrang Noord-Viëtnam onder erge militêre druk geplaas. Hy het die Nobelprys vir Vrede ontvang vir sy rol om die Viëtnam-oorlog tot 'n einde te bring met die Vredesooreenkomste en die wapenstilstand wat in Januarie 1973 in werking getree het. Gelyktydig met sy vredesonderhandelinge het hy Nixon van aangesig tot aangesig gebring met voorsitter Mao Tse Tung in Peking . Dit het gelei tot diplomatieke betrekkinge tussen die twee state. Verder het Kissinger beide die Strategiese Wapenbeperkingsverdrag (SALT I) en die Anti-Ballistiese Missielverdrag ontwerp. Nixon en die Algemene Sekretaris van die Kommunistiese Party van die Sowjetunie, Leonid Brezhnev, het dit onderteken tydens die Moskou-beraad op 26 Mei 1972. Die eerste verdrag het perke op elke land se langafstand-kernplofkoppe gestel. Die tweede verdrag het die aantal verdedigingsmissiele wat elke land kan hê tot een per terrein beperk.

Kissinger se onvermoeide pogings het die verbeelding aangegryp van meer mense as net buitelandse sake-liefhebbers. Dit was met groot vreugde dat ek sy hantering van hierdie sensitiewe en delikate sake kon aanskou wat internasionale aangeleenthede verander het en nuwe werklikhede gevorm het.

Kissinger was die groot eksponent van geopolitiek en van geostrategiese benaderings tot internasionale kwessies. Sy hand kon in al daardie verwikkelinge gesien word. Toe hy 'n aantal jare later direkte onderhandelinge met Eerste Minister Vorster en Ian Smith begin het, het hy 'n goeie begrip gehad van die kompleksiteite om die suider-Afrikaanse problematiek te ontknoop wat voorgekom het in die kwessies van Rhodesië, Suidwes-Afrika (Namibië) en Suid-Afrika self.

Later het ek sy auotobiografie wat twee afsonderlike volumes beslaan het, gelees, as ook sy enorme geskrif wat hy bloot getitel het: “Diplomacy”. Tydens my ambassadeurskap by die VN in New York (1976-1981) het ek die voorreg gehad om hom by twee geleenthede te ontmoet. Ek kon nie dink dat ek 'n paar jaar later drie dae saam met hom en sy vrou, Nancy, sou deurbring wanneer ek hulle na die Etosha-wildtuin en ook Windhoek vergesel het nie. Wat 'n ervaring was dit nie!

Terwyl ek hoof van beplanning in Buitelandse Sake was (Januarie 1981 tot Maart 1983) het ek aan die einde Augustus 1982 hierdie eenmalige ervaring gehad. Kissinger-egpaar is genooi om Suid-Afrika te besoek vir hom om 'n toespraak te lewer by 'n funksie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede in Johannesburg. Voor dit het hy 'n ontmoeting met Pik Botha gehad wat hom oortuig het om Danie Hough, wat Administrateur-genaral in Windhoek was, te besoek nadat hy die Etosha-wildtuin besoek het. Terselfdertyd om ook van die leiers van die interne politierk partye te ontmoet. Kissinger het ingestem en ek is aangewys om hulle te vergesel. Om drie dae saam met hom deur te bring was 'n buitengewone voorreg. Hy was nuuskierig oor hoekom ek baie geweet het van die tyd toe hy Nixon se nasionale veiligheidsadviseur was en sy aktiwiteite. Ek het my vyf jaar in Washington en die titel van my meestersgraad (“Die Rol van die Senaat van die VSA in Buitelandse Sake”) verduidelik. Hy was ook verbaas dat ek verskeie van sy boeke gelees het. Hy was baie vrygewig om sy sienings oor verskillende internasionale kwessies openlik met my te deel. Ek was gevlei dat hy baie

aandagtig na my inligtingsessie oor Namibië geluister het en sy uitgebreide vrae beantwoord het. Hy het my versoek om 'n volledige dossier vir hom voor te berei om na sy kantoor in Washington gestuur te word. Die Kissingers het die 24 uur in die Park geniet en die uur naby die watergat by die Okaukuejo-ruskamp daardie aand baie spesiaal gevind. Die volgende dag was ons by Danie Hough se ampswoning om met hom en ook leiers van van die interne politieke partye te vergader. Hy het saam met my geposeer vir 'n paar foto's. Daardie en ander foto's wat in die Etosha geneem is, het ek ook vir hom gestuur. Hy het ook drie van sy boeke vir my geteken en spesiale woorde van waardering bygevoeg. Enkele maande later het ek n persoonlike brief van hom ontvang waarvan die teks soos volg lees en 6 Desember 1982 gedateer was :

> Dear Mr. Eksteen:
>
> I have been traveling almost continually since my return from South Africa and this is the first chance I have had to thank you, belatedly, for the photographs and the document you forwarded to me through Mr. Shellhammer. The material on UN assistance to SWAPO was very interesting and informative, and the photos a wonderful memento of our trip.
>
> I very much appreciated your thoughtfulness and regret that I have not been able to express my thanks sooner.
>
> Best regards,
>
> Henry A. Kissinger

Kissinger het voortgegaan om met vele internasionale kwessies besig te bly – grootliks deur die private konsultasie-aktiwiteite wat hy in 1982 van stapel gestuur het en uiteindelik tot 'n multinasionale kolos uitbgebrei het wat steeds rigtingewende advies verskaf en alreeds 'n konstante stroom van meer as 100 boeke en geskrifte die lig laat sien het.

In 2015 het die tydskrif *Foreign Policy* hom as die doeltreffendste minister van buitelandse sake van die VSA die afgelope 50 jaar bestempel. Sedertdiens kon geen een van sy opvolgers daarin slaag om naby die statuur en invloed van Kissinger te kom nie.

Wat my van Kissinger beindruk het en altyd sal by bly, was sy beoefening van realpolitiek en sy pragmatiese benadering tot diplomasie wat vandag nog waardevolle lesse inhou.